



Aangrypende Passiespele in Oberammergau

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Die Passiespele in Oberammergau word al sedert 1634 opgevoer en spruit uit 'n gelofte wat die inwoners teenoor die Here afgelê het. Die ervaring om daardie opvoering tussen 7 500 mense by te woon, is onbeskryflik.

Die openingstoneel is oorweldigend en vang 'n mens onkant. Die produksie begin met Jesus se opdrag aan sy dissipels om nie die kinders te keer om na Hom toe te kom nie. Wanneer die kinders skielik, asof van nêrens, uitgelate op daardie 80 meter lange verhoog storm, is dit moeilik om nie trane in jou oë te kry nie. Die boodskap van hierdie toneel is duidelik: *Moet géén mens, kind of groot, van die Here en die koninkryk van God weg hou nie.* Die vyf ure wat dan volg, skiet soos minute verby.

Tydens die opvoering word werklike kamele, perde, skape en duiwe gebruik. Die tonele word ondersteun met koorsang wat as brê dien om die verhaal van Jesus met die profetiese perspektiewe in die Ou Testament oor te dra. Hierdie koorflitse is só kunstig gedoen dat dit nie anders kan nie as om nuwe begrip oor die evangelie te bring.

Die oorsprong van die Passiespele moet teen die konteks van die geskiedenis van die dorpie verstaan word. Volgens argeologiese aanduiding is die vallei waardeur die Ammerrivier loop, reeds sedert die negende eeu bewoon. Die dorpie is in 1633 met builepes getref, wat in Europa bekend was as die *swartdood*. Volgens oorlewering het 'n man, die draer van die virus, in 1632 vir Kersfees huis toe gekom en onwetend die virus versprei. Hy is self daaraan dood. Teen 1633 is 84 mense reeds dood, wat in daardie stadium amper die hele dorpie was. Die inwoners het toe 'n gelofte afgelê dat hulle die verhaal van Jesus jaarliks sal opvoer indien die Here hulle verder teen die plaag sal bewaar. Niemand is daarna weer aan die virus dood nie. Dié jaarlikse opvoering is mettertyd na 'n tienjaarlikse instelling verander.

Volgens die reël is almal wat van geboorte af deel van Oberammergau is, óf inwoners wat al 20 jaar lank in die dorp bly, verplig om aan die Passiespele deel te neem, wat vir hulle 'n groot vervulling is. In 2022 is meer as 2 000 van die 5 000 inwoners by die Passiespele betrek.

'n Mens moet in gedagte hou dat die inhoud van die opvoering deur Rooms-Katolieke teologie beïnvloed is. Waarskynlik sal die meeste mense dit nie eens agterkom nie. So byvoorbeeld is die volgorde van Jesus se vierde en vyfde kruiswoorde omgeruil, en dus anders as hoe dit in die Protestantse teologie bekend is. In die Katolieke tradisie is Jesus se woorde *Ek het dors*, vóór sy woorde *My God, my God, waarom het U My verlaat?*


Ongelukkig word Maria Magdalena steeds as 'n prostituut uitgebeeld. Hierdie persepsie is deur pous Gregorius I in 591 nC geskep. Hy het Maria Magdalena, wat van 'n bese gees genees is (Luk 8: 2), met die onbekende sondige vrou wat Jesus se voete met haar trane natgemaak en met haar hare afgedroog het (Luk 7: 36-50), in verband gebring. Pous Paulus VI het dié regstelling al in 1969 namens die Rooms-Katolieke Kerk gemaak. Dit is jammer dat die teks nie daarby aangepas is nie.

Met die kruisigingstoneel heers só 'n diep stilte dat jy selfs jou eie asemhaling kan hoor. Die boodskap wat dan tot jou deurdring, is presies wat die kinders na die verhoog gebring het: *Géén mens, kind of groot, mag van die Here en die koninkryk van God weggehou word nie.*

Lief en leed



- Emerituspredikant **ds DZ (David) du Plessis** (69) is Sondagoggend 11 September na 'n lang siekbed oorlede. Ons innige meelewing gaan aan sy vrou, Beulah, hul kinders en ander naasbestaandes. Ds Du Plessis het in 2018 emeritaat aanvaar, en het weer in 2019 en 2020 in Gemeente Wonderboom-Suid (waar hy vroeër sedert 2008 predikant was) diens gedoen. Die gedenkdiens vind plaas op **Vrydag 23 September om 11:00** vanuit Gemeente Wonderboom-Suid, gelei deur dr JH (Jan) Vorster.
- **Dawid Redelinghuys** (57), jongste seun van ds MJJ (Martyn) en Babs Redelinghuys en broer van ds FJ (Frans) Redelinghuys, is Sondagoggend 11 September oorlede. Hy is onlangs gediagnoseer met terminale kanker weens 'n gewas op die brein. Hy het reeds as student kanker oorwin, en was in remissie, maar die kanker het hervat. Ds Martyn en sy vrou het by Dawid en sy vrou op 'n plaas naby Standerton gewoon. Hulle het reeds vroeër twee van hul vyf seuns aan die dood afgestaan; een van hulle was ds MJ (Thys) Redelinghuys wat in 2013 verdrink het. Ons innige simpatie gaan aan die familie en naasbestaandes.



Ds Stephen en dr Sanrie de Beer

- **Ds GS (Stephen) de Beer** (61) van Noordwestelike Pretoria is Dinsdag 13 September by sy en sy vrou, dr SM (Sanrie) de Beer, se huis oorval en van sy selfoon en voertuig beroof. Hy herstel nog na 'n groot galblaasoperasie. Baie sterkte aan die egpaar!
- **Diak Wilna Gates**, voorsitter van die Kommissie van die ADV, het gedurende Julie geval en haarself ernstig beseer. Haar regterskouer het onder andere sleg gebreek. Sy is vandeeweek weer teater toe sodat die skouer gemanipuleer en kortisoon onder narkose ingespuut kon word. Ons bid haar algehele herstel toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 23 September, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 15 September: Ds PDM (Pieter) le Roux (60) (Christiana/Molopo/Vaalharts)
- Maandag 19 September: Di AJ (Attie) Hattingh (48) (Krugersdorp-Noord) en AJ (Kobus) Pienaar (61) (Kruin)
- Donderdag 22 September: Di ZC (Zet) Robberts (69) (emeritus) en E (Errol) Sheppard (62) (Rietspruit)
- Vrydag 23 September: Dr GJ (Gert) Malan (62) (Mosselbaai) en ds DW (Wouter) Beukes (61) (emeritus)



Diak Wilna Gates

Gemeentes en bediening

- **Ds GPJ (Gerhard) Stoltz** (ADV) het die beroep na Westonaria (deelyds) aanvaar.
- Baie dankie aan die **ring van Noordelike Natal** se gemeentes wat almal volledig geoudit en afgehandel is vir die 2021-'22-boekjaar. Sodra die ring se 2021-'22-boeke ontvang is, is dit nog 'n ring wat volledige geoudit is! Baie geluk!
- **Argiefstukke by AKV.** September is Erfenismaand. Dit geld ook om sorg te dra vir ons erfenis, soos die gemeente-argief. Gemeentes word verwys na die **Riglyn vir bewaring van argiewe hier** op die die Kerk se webwerf, sodat slegs die korrekte stukke vir bewaring aangestuur word. Vir navrae oor die riglyn se inhoud, kontak die Kerkargivaris, mnr Nándor Sarkady, by argief@nhk.co.za. Indien gemeentes stukke wil saamstuur met afgevaardigdes na die AKV, kan dit op **Maandag 3 Oktober afgelaai word by die AKV**. Die **kontakpersoon by die AKV** vir afgee van argiefstukke is een van die afgevaardigdes, **ds Waldo Pretorius**, waldo@nhk.co.za. Reël egter asseblief **vóór 30 September** met die argivaris per e-pos indien u wel stukke gaan besorg.
- Daar sal 'n **uitstaltafel van die SP Engelbrecht-museum by die AKV** wees, **van 2 tot 6 Oktober**. Gedenkmunte, plakkate, boeke en dies meer sal verkoop word. Museumvoorwerpe kan ook besigtig word. Skenkings van voorwerpe sal ontvang word.



Ds Gerhard Stoltz

- Die **SP Engelbrecht-museum** is steeds **op soek na** 'n volledige stel van *Konteks* om in die Museum te bewaar (enige uitgawes van *Konteks* kan geskenk word). Die Museum wil ook 'n paar **Covid-items** opneem, byvoorbeeld masker, gesigskerm, plakkaat deur gemeente gemaak (dalk gelamineer), handsaniteerbottel en -staander, en bywoningsregister. Dalk verskillende style, verskillende materiale en vorms, met fokus op uniekheid, en tog ook tipiese algemene artikels uit dié tyd. Daar is beperkte bergruimte, en die Museum behou dus die reg voor om duplikate nie op te neem in die versameling nie en dit te vervreem of weg te gooi. Voornemende skenkers kan foto's van moontlike skenkings aan ds Johann de Bruin stuur, dan kan hulle van daar af onderhandel. Kontak ds De Bruin by 082 733 3951 of cjdb@boomaap.co.za. Die Museum in Eloffsdal, Pretoria is op afspraak oop, enige tyd of dag. Reël asseblief net 'n dag of twee vooraf.
- Ds Johann de Bruin sê baie dankie vir die groot **skenking van Liedboeke vir Zambezi-aftreeoord in Montana**. Eredienste word Sondae in hul saal gehou sonder 'n projektor en daarom was daar die versoek vir Liedboeke.
- **Gemeenskapsteater in Delmas: *Ego Eimi... (Ek is...)***
15-25 September 19:00 (weekdae) en 15:00 (naweke)
 By NGK Delmas-Wes
 Volwassenes R100, kinders R50
 Verversings beskikbaar een uur voor aanvang
 Kaartjies beskikbaar aanlyn of by NHKA Delmas
 013 665 2679 van 08:00 tot 12:00
 Ook by Perfect Water, CJ Williams Apteek en NGK Delmas-Wes
 Navrae: 082 928 4317
www.gemeenskapsteater.co.za
delmas@gemeenskapsteater.co.za

Vergaderings

- Donderdag 15 September: Rata Finkom
- Saterdag 17 September: NHSV Hoofbestuur
- Woensdag 21 September: DPS en Plesion Finkom
- Donderdag 22 September: ADV-webinaar: AKV-voorbereiding

Bybelgenootskap

- **Pos beskikbaar vir Uitvoerende Hoof by die BSA se Hoofkantoor in Bellville.** Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) nooi toepaslik gekwalifiseerde kandidate om aansoek te doen vir hierdie strategiese posisie om verantwoordelikheid vir die organisasie se hoof- uitvoerende funksie te neem. Die posbekleër sal leierskap, strategiese leiding, bestuurspraktyk en algehele koördinering van alle operasionele aktiwiteite verseker. Die Uitvoerende Hoof sal in die Raad van Direkteure en alle relevante Streekkomitees dien.

Vereistes: Uitgebreide bestuurs- en leierskapervaring op senior vlak; ondervinding binne die breër ekumeniese omgewing en status as geordende predikant sal as aanbeveling dien; moet 'n lid van 'n BSA-lidkerk wees; teologiese en missiologiese begrip van Bybelmissie; professionele kennis en deeglike begrip van korporatiewe of sakeondernemings (toepaslike bestuurskwalifikasie sal voordelig wees); deeglike begrip van toepaslike wetgewing en korporatiewe bestuursbeginsels; goeie kennis van finansiële administrasie, bemaking en 'n besigheidsomgewing; kennis/ervaring van Bybelgenootskapwerk (nasionaal en internasionaal); bewese skakel- en onderhandelingsvaardighede; uitsonderlike mondelinge en geskrewe kommunikasievaardighede; ervare in openbare optredes; en hoogste vlak van etiek, integriteit en professionaliteit.

Om aansoek te doen: Registreer CV by:
<https://www.dittojobs.com/jobs/view/2884536969>

Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na nhkphiladelphia@gmail.com vir meer inligting.
- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmensewoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na stellenbosch@nhk.co.za vir meer inligting.

Toerusting

- **Excelsus: Lentekonferensie (aanlyn)**
20-22 September
Vreugde in oorvloed: Geloof in 'n tyd van skaarste
NHKA-deelnemers: Proff Tanya van Wyk en Jaco Beyers
Inskrywingsgeld per elektroniese oorplasing
Bewys van betaling na excelsus@up.ac.za
Kursusfooi: R360
Inbetalings: TSO, ABSA, takkode 632005, rekeningnommer 142 0830 463
Verwysing: LK plus naam en van van individu, of
LK plus naam van gemeente indien vir meer as een betaal word
Kansellasiefooi:
Voor of op 31 Augustus: 50% van die kursusfooi
Na 13 September: 100% van die kursusfooi
Ontvang van inskrywing geskied per e-pos
(Indien e-pos nie voor 13 September 2022 ontvang word nie,
kontak Rika by excelsus@up.ac.za)
- **Gereformeerde Teologiese Werkgemeenskap**
Jaarlikse konferensie 2022: 27 September
Tema: Gereformeerde bediening vandag: Impak, uitdagings en geleentheid
Subtemas: Toepaslike prediking; worsteling met sekularisme; gebruik van tegnologie tot voordeel van die bediening; bediening van alle mense in die moderne konteks; doeltreffende pastorale werk wat op spesifieke groepe fokus (bv jeug, enkelopendes, bejaardes); voortgesette teologiese opleiding; en die behoefte aan Christelike dienende leierskap
Plek: Teologiese Skool Potchefstroom / Aanlyn
Koste: In persoon R300 (sluit verversings en middagete in); aanlyn R100
Program: Word nader aan die konferensiedatum gepubliseer
Om vir die konferensie te **registreer**, stuur jou kontakbesonderhede en bewys van betaling aan Mohau Ntlhe (mohau.ntlhe@nwu.ac.za)
Bankbesonderhede
Rekeningnaam: In die Skriflig
Bank: ABSA
Tak: 632005
Tjekrekeningnommer: 670411664
- **UP Fakulteit Teologie en Religie: Predikantekonferensie**
Donderdag 29 September 09:00-15:30
Etiese leierskap, rasseverhoudings en gender
UP Groenkloof
Proff Klippies Kritzinger, Kobus van Wyngaardt en Tanya van Wyk
Drr Hlulani Mdingi en Lerato Mokoena
Koste: R100
Navrae: anthen.november@up.ac.za

'n Gedig

Ou man in dekstoel

By die pergola
kom die stoutmoedigste
duiwe en kwikstertjies
bédelend nader;
maar hy dut,
natneus snorkend, oopmond,
in die koelte van struik en hegge,
met voete gekruis in opryg-stewels,
smal pype oor spykerbene,
Victoriaanse ferweelbaadjie
om sy skouers:
'n negentiende-eeuse dekor.

Die wind lig
die grys donse van sy kop
soos 'n speelse kleindogter,
maar hy,
tot geen betigting meer in staat,
berus in wat hy diep verborge weet:
die speelsheid van die dood.

Ernst van Heerden

(Uit: *Tyd van verhuising*, 1975)

Fondsinsamelings

- **Gemeente Kriel: Gholfdag**
Saterdag 17 September by die Kriel Gholfklub
Inskrywings R1 000 per 4-bal
Besprekings: Oudl Gerhard Korf 082 770 6479 / Joanne Korf 082 441 2529
Afslaan vanaf 08:00, prysuitdeling 17:00
Afslaanbofborge beskikbaar teen R500
Borg kan produk/diens by die bof uitstal
Kontak oudl Ronnie Viljoen 082 308 7492 vir bofborg
Meer inligting: Oudl Ronnie Viljoen / Ds Markus Pretorius 082 395 1754
Stuur e-posnavraag na nhkkriel@gmail.com
- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings, die AKV of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf nodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parking en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

Allegaatjie

“Elke mens het plekke, oomblikke en belewenisse wat as ‘heilig’ ervaar word. Dit bied ’n soort tuiste, laat jou veilig en geborge voel en is nie beperk tot kerke, sinagoges, katedrale, moskees en tempels nie. ... Onlangs met ’n Zoom-begrafnisdienste van ’n familielid had ek ’n andersoortige heilige oomblik: Met ’n konsertina in sy bruingebrande hande het ’n bejaarde predikant voor die begrafnisgangers gaan staan en met toe oë, asof hy bid, twee ou kerkliedere gespeel: *Wat ’n vriend het ons in Jesus* en *Nader my God by U*. In herinnering aan familiesamesyn van vroeër tye. Ek was opeens bedroef, want die gedrae melankolie van die konsertina het my verteruggeneem na my kindertyd tydens vakansies by my oupa en ouma op hul plaas Lofdal by Hoeko naby Ladismith – dáár waar die Swartberg se donker skeure en kloue op maanlignagte lewensgeheime, Bybelverhale en kontreistories saamvoeg. En die plek waar plaaswerkers

saans by hul vure in die diep stiltes van die nag met konsertina, mondfluitjie en kitaar aan hul lewensleed en vreugdes gestalte gegee het.” (Prof Wilhelm Jordaan, in *Beeld*, 7 September 2022)

Barmhartigheid



- Dit is met groot dankbaarheid dat ons terugkyk op vanjaar se **Rata DRIVE for a CHILD Gholfdag**. Die dag was 'n groot sukses met die meeste spanne en borge ooit. Baie, baie dankie aan almal wat deel was daarvan. Die wenner van die kompetisie, geborg deur Schoeman Boerdery, was me Janri Booysen, en hul span het sommer ook die prys gevat vir die LAAANGSTE DAG! Daar is borgskappe ontvang vir kospakkies, en kinder- en babapakkies wat na Rata se kantore versprei is vir hulpverlening in hul werk. Die fondse wat ingesamel is, word aangewend vir kinderbeskermingswerk wat deurgaans deur Rata gelewer word. Weer eens baie dankie aan almal vir jul ondersteuning. Ons sien julle volgende jaar weer daar!



Rata

MAATSKAPLIKE DIENSTE

- **DPS Pleegsorg: Kamp 3-7 Oktober Tarentaalpan, Thabazimbi**
Indien u sou belangstel om een van die 36 kinders te borg teen R1 500 per kind, kontak **Suzanne van Deventer** by suzanne@rata.org.za of 066 477 8904. **Inbetalings** kan ook gedoen word by: Kinderhuise van die NHKA, ABSA Besigheidsrekening, rekeningnommer 020 390 093, takkode 623 0005, beskrywing Oktoberkamp (e-pos bewys van betaling na suzanne@rata.org.za). Hierdie is 'n geleentheid om te belê in 'n kind se toekoms. Saam skep ons 'n beter môre. U is ook welkom om ons **webwerf** te besoek by www.pleegsorg.org.za of ons **Facebook-blad** by DPS Huise om op die hoogte te bly van die nuutste verwickelinge.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes

Enkel- en deekamergeriewe in 'n huislike atmosfeer

Verblyf met 3 etes ingesluit

Verblyf sonder versorging R1 700 per maand

24-uur-versorging onderhandelbaar

(maksimum R8 000 per maand deekamer)

Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089

navrae@athalia.co.za

www.athalia.co.za

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuse vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgings-fasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**

Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:


Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000

Eenslaapkamer: R515 000

1½-slaapkamer: R520 000

Tweeslaapkamer: R560 000

Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Skeppergod,
dankie vir alles wat ek van U ontvang.
Oral waar ek kyk, sien ek u skepping
en sien ek u skoonheid.
In ander sien ek u beeld.
Tuis sien ek die seëninge wat U my skenk.
In die natuur sien ek u kunswerke.
In die huis van U, my Vader,
sien ek bewyse van berou, vergifnis, liefde en herskepte lewens.
Dankie vir die skoonheid om my.

DailyPrayerGuide.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)